

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

*God het ons gered, geroep om toegewy aan Hom te lewe*

**Skriflesing:** 2 Tim 1:1-18

**Teksvers:** 2 Tim 1:9

**Sing:**

Ps 149-1:1,2

Sb 12-3:1

Ps 86-1:6

Ps 33-1:1

Sb 14-1:1,2

Ps 134:4

Lied 190:1,2,3

Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Susan Hoogenboezem  
**Klank:** Andre Beumer  
**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

Die meeste van ons het van babadae van God gehoor en geleer. Die meeste van ons is onderrig en geleer in die Christelike, gereformeerde leer vanaf graad 1-11. Wat 'n voorreg! Op die manier het ons God leer ken, sy Woord leer ken en het God die geloof aan ons geskenk. Ja sonder enigste verdienste van ons kant het God ons begenadig met geloof en liefde. Die geloof en die kennis van God en van die evangelie het, moet ons in dankbaarheid leef.

Maar nou dat ons volwasse mense is en ons God ken en belydenis van ons geloof gedoen het of nog wil doen, moet ons dapper, entoesiasies en geestelik lojaal teenoor God wees. Want om God te dien is die belangrikste en die heerlikste roeping en taak wat ons op aarde het. Daarom is die belydenis van geloof aflegging sekerlik die grootste en belangrikste gebeurtenis in elke gelowige se lewe.

2 Tim 1:9

*"Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het."*

**SONDAGAAND 18:00**

*In die wêreld, maar nie van die wêreld*

**Skriflesing:** Joh 17

**Teksvers:** Joh 17:15

**Sing:**

Lied 151:1,2

Lied 1-6:1,2,3

Sb 14-1:2

Sb 15-1:1,2,4

Sb 13-2

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Johan Hoogenboezem  
**Klank:** Charl vd Bergh  
**Prediker:** Ds Paul vd Berg

Ons Here Jesus Christus bid in hierdie gebed vir sy dissipels op 'n hartroerende manier. Hy staan self op die vooraand van geweldige lyding, spot en Godsverlatenheid. Tog is Jesus se fokus op die belange en uitdagings in die toekoms van die dissipels. Hy bid dat hulle, hulle roeping en taak sal kan verstaan en uitvoer. Dit te midde van 'n aanslag wat hulle van die wêreld kan verwag as Hy opgevaar het na die hemel. Jesus bid nie dat die dissipels hulle sal onttrek van die wêreld nie. Hy bid wel dat ons hemelse Vader die gelowiges deur die werk van die Heilige Gees van die Bose sal bewaar.

Mag jy in hierdie gebroke wêreld weet dat Jesus Christus vir jou by die Vader intree. Mag jy ervaar hoe die Here jou beskerm en bewaar teen die aanslag van die duiwel en sy bose magte. Ons word nie wêreldvermyders nie, maar is geroep om in hierdie wêreld ligdraers te wees van die Blye Boodskap in Jesus Christus.

# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 43 Nr 36 11 November 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## Die Sinode van Dordrecht

Die Sinode van Dordrecht was 'n internasionale Sinode wat in aanvang geneem het op 13 November 1618 en 154 sittings later geëindig het op 9 Mei 1619. Die Nederlandse Gereformeerde kerk het die Sinode byeengeroep in opdrag van die State-Generaal. Die doel van die sinode was om 'n einde te maak aan die godsdienstige kontroversie tussen die Remonstrante (Ariminiane) en die Kontra-Remonstrante (Gormarus se aanhangers). **Die politieke-situasies, oorlog-situasie, dwaalleringe, kontra-reformasie, arminianisme, alles het 'n rol gespeel wat aanleiding tot die sinode gegee het.**

Na die dood van Jacobus Arminius het sy volgelinge besware gehad teen die NGB en die leer van Johannes Calvyn, en Theodore Beza.

Hierdie besware is uiteengesit in die dokument, "de Remonstratie van 1610". Daarom word Arminius se volgelinge die Remonstrante genoem. Hulle **hoofdwaalleer** is dat die **uitverkiesing** plaasvind op grond van God se vooruitsien hoe iemand se geloof sal wees en daarvolgens sal God jou uitverkies. Die teenstander van Arminius was **Franciscus Gomarus**, hoogleraar in teologie aan die universiteit van Leiden. Hulle word die Gomariste genoem. Op die Sinode het hulle Latyn gepraat. Die Gereformeerdes, Kontraremonstrante verwerp die vrye wil van die mens en vervat hulle siening in die Dordtse Leerreëls. Hul standpunt word in vyf punte, (Vyf punte van die Calvinisme) behandel en uitgeengesit. Die bekende vyf punte van die Calvinisme is; die totale verdorwenheid van die mens, die onvoorwaardelike uitverkiesing, die beperkte versoening, onweerstaanbare genade en die volharding van die gelowiges. Hiermee het die derde Belydenis van Eenheid ontstaan nl. Die Dordtse Leerreëls. Drie belangrike nalatenskappe van die Sinode van Dordt is die Dordtse Leerreëls, die Dordtse Kerkorde en die Statevertaling van die Bybel.

Ds Gerrit

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004

Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—[kerkkantoor@gkcenturion.co.za](mailto:kerkkantoor@gkcenturion.co.za)

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Herman Prinsloo

Alethea: Gerrit Kamper

Diaken: George Cronjé

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAAJTJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com) vir navrae

**KATKISASIE:** Vandag: Hersiening Les 13 tot 25; Sb 18-6:4

Volgende week: Afsluiting (katkisanter en hul ouers)

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 417

## VERJAARSDAE "...U sorg vir my." Ps 16:5 BELYDENDE LIDMATE

11-Nov	Aster	Viljoen	C14	644 2062
	Trix	Bisschoff	B15	654 5467
	Koos	Lessing	B04	654 7263
	Martie	van Heerden	C08	072 275 8362
12-Nov	Emmie	Havenga	B14	660-2349
	Selenta	Hamman	C02	664-3322
	Bettie	Venter	A15	076 703 3259
	Huibie	Stavast	C09	082 785 5475
	Johan	de Jonge	A14	082 477 2126
13-Nov	Amanda	Brink	A15	651 4004
	Heila	van Wyk	C02	072 225 3843
14-Nov	David	Faber	C07	663 4004
	Juanita	Benade	E01	664 3131
	Quinten	Bye	C05	079 886 3325
16-Nov	Danie	vd Heever	B14	083 447 8068
	Rita	Smaal	A13	083 259 0081
	Nico	vd Westhuizen	C15	076 780 5711
17-Nov	Laurette	Snyman	A04	347 0401
	Rudy	Kruger	B04	082 468 6035
	Louis	Bloemhof	B02	082 823 3612



### DOOPLIDMATE

12-Nov	Shanike	Bessinger	B09	082 771 8119
13-Nov	Minette	Yaffe	C09	061 535 9665
14-Nov	Lilia	de Klerk	B11	653 4336

### Tiener Seil naweek


Alle tieners (gr 6 – 11) word genooi om saam te kom seil.

**30 November – 2 Desember**

Potch Dam R200 pp

Kontak **vandag** ds Gerrit as jy wil saamgaan.

Jy is welkom om vriende saam te bring.



### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en oprui na die erediens is in die kombuis opgeplak.

#### 11 November

C09 Marique le Roux  
C10 Minette de Beer  
C12 Christi Venter  
C15 Suanne van der Walt

#### 18 November (Oggend)

B06 Liesje Kuperus  
A15 Amanda Brink  
C13 Madelein van Zyl  
C14 Annemarie van Wyk

#### 18 November (Aand na Kersprogram)

A01 Elize van der Berg  
A02 Esther Hoffman  
A03 Magda van der Schyff



### Droëvrugte - bestel vir oulaas

Baie dankie vir almal se ondersteuning gedurende die jaar. Ons heerlike vrugte kom van die plaas Ordinance in die distrik Montagu. (Niks te doen met die winkel Montagu nie.) Vir die volgende twee Sondae kan bestellings geplaas word (vir oulaas), dit is vandag en die 11e November. Slegs bestellings gaan aangekoop word, so dink mooi wat jy wil hê en kom vul 'n vormpie in by die agterste luik van die kombuis.

Rika Kruger 0768347774

### Senior Aksie

Die Senior Aksie sluit hul 2018 byeenkomste af met 'n ligte middag-ete, **Vrydag, 23 Nov 2018** om **12:00** in die saal.

Alle lede wie dit wil bywoon moet asb hul name, tesame met R10.00, by enige van die onderstaande komiteelede opgee nie later as Sondag, 18 Nov 2018. Besoekers is ook welkom teen 'n betaling van R 40,00 per persoon.

Ansie van Dyk 076 440 3323  
Lena Malan 083 457 7294  
Gys Ferreira 083 987 5626  
Tinus en Ina Nel 083 408 7811  
Liesje Kuperus 083 481 1160  
Kom geniet 'n heerlike geselligheid saam.

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) [centurionflorist@discovery.mail.co.za](mailto:centurionflorist@discovery.mail.co.za).

**Algemene herstelwerk** aan huise en geboue, ook **veiligheidshekke** en diefwering. Kontak Hennie vd Walt by 0829274326 of [hj2vdwalt@gmail.com](mailto:hj2vdwalt@gmail.com).

**Au Pair posisie** Centurion (Jan tot Nov 2019) skool vakansies uitgesluit. Ma – Do. 2 kinders: 11jr en 16jr. Rondry na buitemuurse aktiwiteite, help met huiswerk. Benodig eie voertuig. Erika vd Wateren 082 450 0923.

Wil jy fiks en soepel word of bly? Kontak Elmé vir **pilatesklasse** by 060 994 8023.


**Ruim Tuinwoonstel te huur** R5500pm (w&l ingesluit), Alanweg, Eldoraigne. 1 Sk, vol b/k; oopplan sit-; eetkamer; kombuis, swembad en braai. Onderdak parkeering. Alarmstelsel. Geen kinders of troeteldiere. Phia Lombard 083 454 9358.

**Gesoek**—'n persoon om maandeliks die Kerkblad by die Admin Buro (Potchefstroom) vir my te gaan afhaal en deur te bring na Centurion. Willie Kruger 0795214861.

Dame soek 'n damestudent om woonstel mee te deel in Eco Park-Oos, Centurion vanaf 1 Des. R3 000pm (+ R200 W&L), Yolande 082 794 0388.

**Plaasbestuurderpos** beskikbaar. Volledige besonderhede op kennisgewingbord. Hannelie 082 332 5528.

**GK Kameeldrift** verkoop koekies @ R98pkg. Skakel Susan Fourie 082 324 9399. Volledige besonderhede op die kennisgewingbord.

	<p>Gratis 5 meter palmboom beskikbaar. U moet dit net self kom uithaal.</p> <p>Kerkkantoor 664 2614</p>
-----------------------------------------------------------------------------------	---------------------------------------------------------------------------------------------------------

## Kovsies eerstejaars vir 2019

Ons versoek graag alle studente wat DV volgende jaar met studies in Bloemfontein gaan begin om nou reeds hulle kontakbesonderhede vir ons te epos na [gkbloemsuid@gmail.com](mailto:gkbloemsuid@gmail.com)

Vir enige verdere navrae is u welkom om ds. Fritz Potgieter (084 558 8446) of Bianca Pieterse (084 415 7824) te skakel.

## Vakature: Geletterdheidsklas

Vanaf Januarie 2019 is daar 'n vakature om Engels aan 'n tiental senior dames te onderrig.

Vereistes: moet elke Donderdag vir 'n uur vanaf halfses tot halfsewe beskikbaar wees. Die dames doen groot moeite om dit binne hulle omstandighede baie getrou by te woon, dus is 'n baie positiewe, liefdevolle, geduldige, stadige en volhardende aanslag deel van die aanbieding van baie basiese Engels (min of meer Gr 2).

Opbou en uitbou van menswaardigheid is deel van hierdie klasse.

Indien hierdie diens oorweeg word, kontak asb Brenda Venter (0842004700) of Phia van Helden (0825416388).

### TOPIA Saambid - en Kuiergeleentheid

Waar: GK Meyerspark  
Wanneer: Vrydag, 16 November 2018  
Hoe laat: 19:00  
Kontak: Lizanne Aucamp by 084 555 1890

## Hulp met video-uitsendings

Die mediabedienspan is opsoek na mense wat wil help met die video-uitsendings tydens eredienste. Die huidige 2 media persone (PowerPoint en klank) kan nie nog die video ook behartig nie, dus gaan daar 'n derde persoon per erediens agter by die mediakas moet wees.

Kom sien vir Eric na die oggendediens (agter by die videokas) indien jy sou belangstel óf skakel hom by 083 640 6138.

## Ons gee om vir Mekaar


“Moet oor niks besorg wees nie...” Fil 4:6

- Nic Coetzee sterk aan in Milpark hospitaal (C13—011 238 7865).
- Daleen Gornall ontvang behandeling in Midstream hospitaal (B9—082 696 3478).
- Lorraine Gouws sterk tuis aan na 'n operasie (C12—082 450 6202).
- Karen Rebel ondergaan behandeling (A1—667 3498).
- Marietjie Smit sukkel met haar gesondheid (A7—084 764 6587).
- Conrad en Henda Stoltz sukkel albei met hul gesondheid (A14—654 2406).
- Paul Steyn sterk aan na 'n oogoperasie (A5—664 4256).
- Nicolene Speelman sterk aan na 'n operasie in Unitas hospitaal (E1—071 825 7414).
- Meelewing word betuig met Paul en Elsa Grobler na die afsterwe van Paul se broer.

**Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra**

## Geluk

Geluk met die *Aflegging van Belydenis van Geloof* vanoggend: Marine du Plessis; Clara Janse van Rensburg; Esmarie van der Merwe; Rudi Venter; Melissa Smith; Albertus Lourens; Gerhard van der Bijl; Johan Looek; Nina Wattel; Christiaan Gildenhuys; Jacques-Pierre de la Porte; Simoné Howle



Geluk aan Tinus en Nadia Nel met die geboorte van Annick.

## Eljada Huis

**Baie dankie aan ieder en elkeen wat tot nou toe 'n bydrae gelewer het.**

Verdere bydraes sal baie waardeer word. Ons is op soek na 'n ou fiets om te skenk vir iemand by Eljada. Ons benodig veral blikkies kos. Volledige lys is op kennisgewingborde.

Petra Swanepoel: [petraswa@gmail.com](mailto:petraswa@gmail.com) / 0829277324

## KOLLEKTES

**Vandag** tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sotho-bediëing



*Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie*



**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Thusofonds

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie**

## **BELYDENIS VAN GELOOF**

11 November 2018

Vandag is die belangrikste gebeurtenis wat in 12 jongmense se lewens gebeur. Hulle gaan vandag die geleentheid kry om openbare belydenis van hulle geloof voor God en die gemeente te doen.

Om openbare geloofsbelydenis te doen is sekerlik die belangrikste gebeurtenis in jou hele lewe. Dit is hier waar hulle die geleentheid kry om te erken en te bely dat God hulle Vader is en dat Jesus Christus ook hulle Verlosser is. Die verstandskennis wat hulle gekry het deur intensiewe onderrig, het die Heilige Gees in hulle harte bevestig sodat hulle waarlik kan glo, tot die ware geloof kan kom en is hulle deur die Gees gedring om belydenis van hulle geloof te kan doen.

Die beloftes wat hulle ouers gedoen het met hulle doop, het met die genadige werking van God hulle gelei om tot hierdie stap te kom.

Die kerkraad het hulle ondervra en seker gemaak dat elkeen in sy hart oortuig is van hierdie stap.

Met groot dank aan hulle ouers wat hulle tot hierdie stap gelei het, en met dankbaarheid juig ons as gemeente saam met hulle en hulle ouers oor hierdie belangrike stap in hulle lewens.

Ons dra hulle as gemeente en as kerkraad aan ons Hemelse Vader op en bid hulle toe die seën van God op hulle lewenspad vorentoe.

Die twaalf jongmense is: Marine du Plessis; Clara Jansen van Rensburg; Johan Looek; Albertus Lourens; Melissa Smith; Gerhard van der Bijl; Esmarie van der Merwe; Rudi Venter; Nina Wattel; Simone Howle; Jacques-Pierre de la Porte; Christiaan Gildenhuys

Hierdie twaalf kinders het die afgelope drie jaar, vanaf graad 9 tot graad 12 in die belydenisklas gesit. Hulle is in verskeie teologiese vakke onderrig sodat hulle die kennis kan verkry om belydenis van hulle geloof te kan doen. Die sillabus en vakke waarin hulle onderrig ontvang het was:

## **SILLABUS**

- 1 Openbaringsgeskiedenis van die Ou en Nuwe Testament.
- 2 Kerkgeskiedenis.
- 3 Dogmatiek wat ingesluit het die ses belydenisskrifte.
- 4 Die Gereformeerde leer.
  - 4.1 Die openbaring van God.
  - 4.2 Die inspirasie van die Woord.
  - 4.3 Die Drie-enige God.
  - 4.4 Die Raad van God.
  - 4.5 Die Skepping en Onderhouding.
  - 4.6 Die Sonde.
  - 4.7 Die Uitverkiesing.
  - 4.8 Die Verbond van God.
  - 4.9 Jesus Christus ons Verlosser.
  - 4.10 Die Heilige Gees.
  - 4.11 Die Heilsorde.
  - 4.12 Die Genademiddele.
  - 4.13 Die Sleutels van die Hemelryk.
  - 4.14 Die laaste dinge.
  - 4.15 Die Sakramente.
- 5 Die Kerkorde.
- 6 Erediens en die Liturgie.
- 7 Apologetiek wat handel oor dwaalleringe.
- 8 Etiek.

Ds. Gerrit Kruger